# FEBA Radio SA se Gebedsendelinge

# Saam in Gebed

## April 2026

**Woensdag 1 April:** "Lig op julle koppe, poorte, ja, lig julleself op, ewige ingange, sodat die roemryke Koning kan ingaan" (Psalm 24:7 Afr20). Laat ons in die aanloop tot Paasfees die Here prys vir Sy verlossing en vir die kragtige wyse waarop hy FEBA gebruik om daardie verlossing met die wêreld te deel.

**Donderdag 2 April:** In Afrika beoefen Moslems dikwels 'n mengsel van Islam en tradisionele godsdiens. Sogenaamde geestelike leiers en mense wat toorkuns beoefen, gebruik vrees om ander te beheer. Bid dat FEBA se uitsendings in Mosambiek, Malawi en die Sahel-streek hierdie vestings deur middel van die evangelie sal afbreek en luisteraars bekend sal stel aan die Waarheid wat hulle kan vrymaak.

**Vrydag 3 April:** "Toe Jesus die suur wyn geneem het, sê Hy: "Dit is volbring!" En Hy het sy kop vooroor gebuig en sy gees oorgegee" (Johannes 19:30 Afr20). Christus, die Leidsman en Voleinder van ons geloof, het ons versoening volbring deur Sy bloed. Dít is die boodskap wat FEBC en FEBA vir die afgelope 80 jaar getrou verkondig. Prys die Here!

**Saterdag & Sondag 4-5 April:** "En net soos dit bestem is vir mense om slegs een maal te sterf, en daarna kom die oordeel, so sal Christus, nadat Hy eenmalig geoffer is om die sondes van baie te dra, 'n tweede maal verskyn aan hulle wat Hom verwag, nie weens sonde nie, maar om hulle te verlos" (Hebreërs 9:27-28 Afr20). Christus het opgestaan en sal terugkeer! Bid vir FEBA se personeel en luisteraars wat vervolg word, wat bang of eensaam of verwerp voel, dat hul hoop hernu sal word deur dieselfde krag wat Christus uit die dood opgewek het.

---

**Maandag 6 April:** Tydens Ramadan het FEBA Mosambiek spesiale programme uitgesaai waarin hulle "ware vas" aan Moslems verduidelik, en hulle na Jesus toe gewys het. Volgens Direkteur Bright Sonjera het sowat 200 jongmense tussen die ouderdomme van 13 en 20 hul geloof in Christus geplaas. Loof die Here aan wie die oes behoort en vra dat elke saadjie blywende vrug sal dra.

**Dinsdag 7 April:** Nadat shehe (sjeik) Abude, 'n Moslem-geleerde, skielik sy sig verloor het, het hy verlore gevoel. Toe hoor hy die evangelie deur FEBA Mosambiek se Zambezi FM en gee sy hart vir Jesus. Vandag moedig hy ander gestremdes aan om dieselfde te doen. Hy sê: "Ek is wedergebore. Nou glo ek dat God na my omsien." Bid dat die Here mnr Abude se getuienis kragtig sal gebruik.

**Woensdag 8 April:** "Lei my na 'n rots wat vir my te hoog is; want U is vir my 'n skuilplek, 'n versterkte toring teen die vyand" (Psalm 61:3-4 Afr20). Dank die Here vir Sy beskerming van FEBA Mosambiek se personeel en stasie gedurende die konflik in Cabo Delgado tot nou toe, en vir die soldate wat tot dusver tot bekering gekom het. Bid vir Sy voortdurende guns.
Donderdag 9 April: Bid vir FEBA Mosambiek se stasies in Beira en Chiuanjota, wat van die lug af gedwing is deur stormskade en tegniese probleme. Bid vir God se voorsiening en beskerming oor die herstelde infrastruktuur en oor FEBA Mosambiek se ander radiostasies, sodat die evangelie kan aanhou uitgesaai word totdat almal gehoor het.

**Donderdag 9 April:** Bid vir FEBA Mosambiek se stasies in Beira en Chiuanjota, wat van die lug af gedwing is deur stormskade en tegniese probleme. Bid vir God se voorsiening en beskerming oor die herstelde infrastruktuur en oor FEBA Mosambiek se ander radiostasies, sodat die evangelie kan aanhou uitgesaai word totdat almal gehoor het.

**Vrydag 10 April:** Om in Mosambiek te bedien, het baie uitdagings – van logistieke struikelblokke, tot jihadiste-konflik, tot teenstand van gemeenskappe waar toordokters regeer. Dit verg sterk, dapper leiers om spanne deur sulke omstandighede te lei. Bid vir FEBA Mosambiek se stasiebestuurders en vir Direkteur Bright Sonjera. Vra dat hulle getrou sal bly aan God se Woord en naby aan Hom sal leef.

**Saterdag & Sondag 11-12 April:** Kortgolfradio was van die begin af 'n kerndeel van FEBC en FEBA se bediening. Hoewel dit duur is om te onderhou, het kortgolfstasies 'n reusagtige reikwydte en kortgolfseine is moeilik om te keer. FEBC se twee kortgolfstasies in Manila saai 24 uur per dag uit, in 42 tale. Die spanne ontvang terugvoer uit die berge van China en Kambodja en Thailand, lande soos Laos en Viëtnam – selfs lande in Europa! Bid vir God se voorsiening om FEBC se kortgolfstasies op die lug te hou, sodat selfs die mins-bereikbare mense die evangelie kan ontvang.

---

**Maandag 13 April:** Bid vir gelowiges in Viëtnam. Hoewel Christenskap nie onwettig is nie, is evangelisasie wel, en FEBC se span moet baie versigtig wees wanneer hulle opvolg met luisteraars. Nietemin werk God al sedert die 1950s kragtig deur FEBC Viëtnam se uitsendings. Bid vir die veiligheid en geestelike groei van FEBC-werkers en -luisteraars in Viëtnam.

**Dinsdag 14 April:** 'n Getuienis uit Indië: "God het julle uitsendings gebruik om my lewe te verander ... My huidige werk betaal nie veel nie, maar ek koop traktaatjies en deel hulle uit aan ander soos ek, sodat hulle ook sal leer van Christus en die liefde wat my verander het." Loof God en vra dat meer luisteraars as getroue getuies in hulle gemeenskappe sal dien.

**Woensdag 15 April:** "Laat ons ons ook daarop toelê om mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade, sonder om ons eie samekoms te verwaarloos, soos sommige se gewoonte is; laat ons eerder mekaar aanmoedig, soveel te meer nog namate julle dié dag sien nader kom!" (Hebreërs 10:24-25 Afr20). Bid dat FEBA se personeel en luisteraars sal volhard in geloof totdat Christus terugkeer.

**Donderdag 16 April:** FEBC se Hmong-omroeper, Phairot, bied Bybelstudies aanlyn aan. Dit word deur honderde Hmong-luisteraars bygewoon uit lande soos Laos, waar Christenskap onwelkom is. Bid vir God se voortdurende seën op Phairot se uitsendings en vra dat sy luisteraars diep in God se Woord gewortel sal wees en goddelike vrug sal dra.

**Vrydag 17 April:** FEBC se kortgolfuitsendings lei Lao-luisteraars al sedert die laat 1960s na Christus. Vandag moet Christene in Laos hul geloof binne streng regeringsriglyne beoefen. Dié wat nie aan die Katolieke of Lao Evangeliese Kerk behoort nie, moet in die geheim vergader. Bid dat Lao-gelowiges moed en hernude hoop in God se Woord sal vind.

**Saterdag & Sondag 18-19 April:** FEBC Radio Liangyou saai al vanaf 1949 die evangelie uit na China – aanvanklik deur kortgolf, en nou ook aanlyn. Spanne in Kanada, die VSA, Taiwan en Hongkong vervaardig die programme wat hoop wil bring in 'n moeilike politieke en ekonomiese klimaat, en wat gesinne wil help om hul verhoudings met behulp van Bybelse beginsels te versterk. Bid vir die FEBC Chinese Bedieningspanne, wat uitdagings in hul eie lande ondervind, en vra dat elke program die evangelievuur in luisteraars se harte sal aanwakker.

---

**Maandag 20 April:** Vandag is Internasionale Chinese Taaldag. Buiten hulle lank bestaande uitsendings na China, werk die FEBC Chinese Bediening ook saam met spanne van ander lande, onder meer Indonesië en die Filippyne, om programme vir Chineessprekende luisteraars uit te saai. Bid dat Chineessprekende luisteraars reg oor die wêreld Christus sal ontmoet deur FEBC se Chinese uitsendings.

**Dinsdag 21 April:** Bid vir hierdie Chinese luisteraar in Suid-Afrika, wat die volgende versoek aan FEBC se Chinese Bediening gestuur het: "My man het nog nie tot bekering gekom nie en ons huwelik het al baie beproewings verduur. Bid asseblief dat God my krag en wysheid sal gee om my rol as vrou te vervul – om daagliks te leer vergewe en my man met God se liefde lief te hê."

**Woensdag 22 April:** "[Moenie] bang wees nie, want Ek het jou losgekoop, Ek het jou op jou naam geroep – aan My behoort jy. As jy deur water moet gaan – Ek is by jou, of deur riviere – hulle sal jou nie oorspoel nie" (Jesaja 43:1-2 Afr20). Bid dat elke FEBA-werker en luisteraar God se nabyheid sal ervaar wanneer hulle deur diep waters gaan.

**Donderdag 23 April:** Die Liangyou Teologiese Kweekskool bied mense die geleentheid om die Bybel deeglik te bestudeer en basiese teologiese opleiding te voltooi. LTK se digitale platform laat studente toe om werksopdragte op hul eie tyd en plek te doen en pastore gebruik dikwels LTK-inhoud in preke. Bid dat die LTK 'n sterk Bybelse basis sal lê waarop kerkleiers in China kan bou.

**Vrydag 24 April:** Bid vir die leiers van FEBC se Chinese Bediening – Daniel, Aaron, Luke en Edwin. Bid dat hulle hul oë op God gerig sal hou en in Sy weë sal bly, dat Hy hulle die krag en wysheid sal gee om elke hindernis te oorkom, en dat FEBC se Chinese Bediening onder hul leierskap sal floreer.

**Saterdag & Sondag 25-26 April:** Baie FEBA-werkers en luisteraars woon in oorlogsones – sommige as soldate, sommige as vlugtelinge – en moet daagliks deel met vrees en verlies. Oekraïne se span, sowel as hul luisteraars, is uitgeput weens onderbroke slaap as gevolg van nagtelike lugaanvalle, en onvoldoende verhitting weens kragonderbrekings. Luisteraars langs die Kambodja-Thailand grens en in die Midde-Ooste het te kampe met politieke onstabiliteit en geweld. Bid dat FEBA-werkers en luisteraars in oorlogsones krag en vrede sal ontvang deur hul oë op God gevestig te hou.

**Maandag 27 April:** Vandag, op Vryheidsdag, bid ons vir al die FEBA-werkers en luisteraars wie se vryheid deur owerhede of gemeenskappe ingeperk word. Vra dat hulle vryheid deur die evangelie sal ervaar en dat God hulle sal help om vir hul onderdrukkers te bid. Bid dat hul lewens vir ander die pad na Christus sal wys en herlewing in hul gemeenskappe sal bring.

**Dinsdag 28 April:** FEBC Kambodja werk saam met ander organisasies om Bybelonderrig na afgeleë gebiede te bring. Een student sê: "Die program het groot vreugde in my hart gebring. Selfs al het die konflik tussen Kambodja en Thailand ons lewens geraak, het ons steeds die begeerte om God se Woord te bestudeer en in ons geloof te groei." Bid dat God vir hulle hul begeerte sal gun.

**Woensdag 29 April:** "Vertrou te alle tye op Hom, o volk, stort julle hart voor Hom uit. God is vir ons 'n skuilplek" (Psalm 62:9 Afr20). Bid vir gelowiges reg oor die wêreld wat ly weens oorlog, siekte, armoede en vervolging. Bid dat hulle geloof versterk sal word en dat hulle hul toevlug in die Here sal vind.

**Donderdag 30 April:** Kom ons bid vandag saam met FEBC Kambodja: "Alle glorie en eer behoort aan U, Here. U werk kragtig deur Krusa FM – U roep harte, wek geloof en lei luisteraars op die pad van geregtigheid deur Jesus Christus. Ons loof U vir die ongesiene oomblikke waarin U Gees deur elke uitsending en elke gesproke woord praat."




+27 12 335 5708
info@febaradio.co.za
www.febaradio.co.za
+27 81 265 4801
FEBARadioSA
feba_radio_sa